Werkkaart 2015-10 AI-00004(1) Finansiële Wiskunde – Buitelandse valuta

[Waar nodig, rond af tot 2 desimale.]

* R15,24 = $1 (Amerikaanse dollar)

R20,29 = £1 (Britse pond)

R16,85 = €1 (Euro)

(1) Gebruik die wisselkoers soos hierbo by * en skakel die volgende om na rand:

(a) $44,50 (b) £180 (c) €1 000

_____

_____

_____

_____

(2) Gebruik die wisselkoers soos hierbo by * en skakel die volgende om na die gegewe geldeenheid:

(a) R12 500 (VSA Dollar) (b) R840 (Euro) (c) R2 650 (Britse pond)

_____

_____

_____

_____

(3) Gebruik die wisselkoers soos hierbo by * en bereken hoeveel Britse pond geruil sal kan word vir 300 Amerikaanse dollar.

_____

_____

_____

_____

(4) Met die hoë inflasie koers in Zimbabwe is die wisselkoers van die Zimbabwe dollar as volg:

1 VSA dollar = 373 Zimbabwe dollar. Die olie prys is as volg: 1 vat Brent ru-olie kos 52,45 VSA dollars. Bereken hoeveel Zimbabwe dollars benodig word om 1 vat Brent ru-olie aan te koop.

(5) Gaile tref reeds in Januarie reëlings om in Julie vir ′n maand deur Amerika te toer. In Januarie is die rand/dollar wisselkoers $1 = R6,22. Haar verblyf sal haar $112 per dag kos. Toe sy egter teen einde Junie die verblyf moet betaal, is die wisselkoers $1 = R7,23.
Hoeveel rand is haar verblyf (per dag) duurder in Junie as wat dit in Januarie sou wees?

(6) Die Copper familie beplan ′n safari deur Botswana en Namibië. Geen visum word benodig om deur hierdie lande te toer nie, maar by elke grenspos moet die familie per kop toegang betaal. Die familie bestaan uit twee volwassenes en drie kinders.
By Botswana moet elke volwassene 3 Pula en elke kind 2 Pula betaal. By Namibië moet elke volwassene 5 Namibiese dollar en elke kind 3 Namibiese dollar betaal.
Indien R1 = 0,99 Namibiese dollar en R1 = 0,72 Botswana Pula, bereken hoeveel rand die Copper gesin se toegangsgeld tot die twee lande sal wees.

(7) Jou suster gaan na graad 12 vir ′n jaar in Engeland werk en en beplan om van haar verdienstes oorsee te spaar vir die daaropvolgende jaar se verdere studie. Haar eerste jaar op Universiteit gaan haar ten minste R45 000 kos. Indien die gemiddelde wisselkoers tydens haar jaar in Engeland £1 = R18,24 is, bereken wat is die minimum bedrag wat sy moet spaar (gegee tot die naaste pond) om vir haar eerste jaar op Universiteit te betaal. Indien sy vir elf maande werk tydens haar veblyf oorsee en haar maandelikse uitgawes £145 beloop, bereken die minimum salaris (per maand) waarvoor sy kan werk.